GROEIGROEP MATERIAAL

Adresseer die Chaos 2

Bou `n nuwe huis

Opening

Wat is die doel van gebed?

_____

_____

Inleiding

Ons is besig om met mekaar te gesels oor die chaos om ons. Dink julle ons gaan ooit `n tyd beleef waar daar nie chaos gaan wees nie?

_____

_____

Wat dink julle van die volgende stellings?

1) Chaos is die een ding wat ons aan mekaar bind
2) Chaos is die een ding wat ons nader bring aan God

_____

_____

Johannes 3:16-17
"God het die wêreld (**CHAOS)** so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

INHOUD & GESPREK

Hoe voel julle oor die volgende **stelling**: Party mense dink dat gebed hulle lewe gaan verander. Mense vra maklik vergifnis of is jammer oor iets wat gebeur het, maar hoe verander dit die chaos? Wat is die doel van gebed dan?

_____

_____

Die gesprek vandag gaan nie oor gebed spesifiek nie maar die volgende opmerkings kan ons dalk net help. Gebed gaan in die eerste plek oor ons posisie voor God. Dit bring ons op `n plek van aanbidding waar ons besef wie ons is en erken wie God is. Ons erken sy grootheid en sy heerskappy oor alles en almal. Vanuit hierdie posisie kyk ons in `n spieël en sien ons onsself raak. Ons reflekteer oor wat ons sien en meet dit aan die standaard wat God vir ons stel. Ons besef en sien raak ons tekortkomings en sonde. Die vraag na vergifnis kom outomaties en ons herorganiseer ons denke volgens wat God ons leer. Ons plaas ons terug onder die gesag van God en kies om in gehoorsaamheid aan Hom te leef. Hieruit volg ons dade en die nuwe lewe in Christus volg.

In-Gebed verander ons hart voor God

Na-Gebed loop ons die pad waar dade en geloof ontmoet

KOM ONS LEES

Johannes 8:12

Wat is die vereiste om uit ons chaos (duisternis) te kom?

_____

_____

Is daar iemand in julle groep wat `n getuienis hieroor het?

Matteus 7:24-29

`n Bou proses is nie maklik nie. Dit neem lank en is slordig totdat dit voltooi en afgerond is. Wat leer Matteus 7 vir ons rondom die bou ons lewe op `n vaste rots?

_____

_____

Amen...